**14 MEI** **SKRIFGEDEELTE: NUMERI 29:12-40**
**FOKUSGEDEELTE: NUMERI 29:12b EN 39a (OAV)**

## Ons lewe – ‘n vreugdevolle offer tot eer van God

Die gedeelte wat ons gister gelees het, wys op die offers wat op die eerste en tiende dag van die sewende maand (soos dit destyds gegeld het en nie ons Julie-maand nie) gebring moes word. Dié offers wat met “feesvreugde” gebring moet word, word “deur die Here aanvaar” (is ‘n “lieflike geur*”* voor Hom).

Nou lees ons van ‘n volgende fees. Nadat die eerste van twee tydperke van sewe dae in die sewende maand verby is, volg ‘n verdere fees wat sewe dae duur. Tydens die fees moes daar 70 bulle, 14 ramme en 98 jaaroud lammers (almal deelbaar deur sewe) as offer “tot eer van die HERE” gebring word – ‘n groot en omvattende fees *tot eer van God.*

Wat sal ons vandag van so ‘n feesopdrag sê? Sal ons dit doen? Moet ons dit nog só doen? Onthou wat daar staan in Romeine 12:1: “Gee julleself aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is.” Is jou hele lewe ‘n offer tot eer van God? Vir Israel was daar ‘n voorskrif oor die hoe en die hoeveel. Byna alles word in veelvoude van sewe uitgedruk, maar na die sewe dae en offers in veelvoude van sewe *tot eer van die Here*, dan volg ook die agste dag as feesdag *(*“feestyd” – OAV, vs. 35*)* met offers wat vir die Here aanneemlik is.

Hoe kan ek seker wees dat my lewe as offer aan die Here *vir Hom aanneemlik is*? Volg net sy voorskrifte. As Israel destyds God se voorskrifte verander het, was hulle offers nie meer tot eer van en aanneemlik vir Hom nie. Net so min sal ons lewe ‘n vreugdevolle offer tot eer van God kan wees as ons ons eie voorskrifte volg. God se voorskrif vir “lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is*”*, kry ons so duidelik in sy Woord (Rom. 12:2): “Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is.” Laat die Heilige Gees van God jou lei om elke dag jouself aan God te gee as ‘n vreugdevolle offer tot sy eer. Dit geld nie net vir jou berekening van die *volle* tyd en *volle* omvang wat in getalle van sewe bereken kan word nie, maar ook vir die tyd daarna!

*Sing: 116:1, 9, 10* *Ds MP Fourie (Aliwal-Noord)*